*Sondag* **27 Julie**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 2:19-22**
**Fokusgedeelte 2 Konings 2:20**

**God alleen kan ons herstel**

Die manne van Jerigo het vir Elisa gevra om hulle stad se water te genees. Die water was so sleg dat hulle dit nie kon gebruik nie. Elisa gooi toe sout in die water en spreek die Woord van die Here oor die water. Die Here het die manne wat hulle stad se welstand gesoek het, se versoek genadiglik toegestaan. God die Vader is die gewer van alles, wat ons vir liggaam en siel kan nodig hê (Jak. 1:17). Hulle kon toe met blydskap die goeie nuus gaan oordra dat die water genees is en dat die voortbestaan en voorspoed van die stad verseker was.

Die simboliek van die sout is die verbondsgetrouheid van die Here (Lev. 2:13). Hy het Hom voorgeneem om met sy volk te wees en vir hulle te sorg. Hier is die bewys dat Hy dit wel doen. Die Woord van die Here wat oor die water gespreek is, is die teken dat God se Woord genees van geestelike doodsheid en besmetting. Christus word die Woord van God genoem en Hy het gesê dat Hy die lewende water is (Joh. 4:10). Sy volgelinge sal deur Hom die inwoning van die Heilige Gees ontvang.

Sy inwoning en werking word ook strome van lewende water genoem (Joh. 7:38). Dit beteken dat ons en ook die vervalle en sieklike wêreld waarin ons leef se enigste hoop tot genesing geleë is in God se verbondsgetrouheid. Deur die gesonde lering van sy Woord, skenk Hy geestelike genesing en herstel aan elkeen wat alleen op Hom vertrou.

Gebed: *Onse Vader wat in die Hemel is, verheerlik Uself deur u Seun, wat die lewende water is wat ons geestelike dors les en ons herstel deur die krag van u Gees. Amen.*

*Sing: Psalm 103-1:2, 6*

*Ds. G (Gerhard) Janse van Rensburg (Durban-Noord)*